## Onderwysstudente leer nuwe vorme van veerkragtigheid aan

**Maureen Robinson***

Duisende onderwysstudente word jaarliks vir ’n paar weke se praktiese klaskamerervaring in skole geplaas. Dít bied hulle die geleentheid om lesse waar te neem, voor te berei en self aan te bied, en om mentorleiding van onderwysers te ontvang. Vir baie is dié tyd ’n hoogtepunt in hulle graadstudie omdat hulle eerstehands die vervulling én uitdagings van die onderwysberoep kan ervaar.

Maar sê nou skole is gesluit? En gestel daar is geen onderwysers voor in die klas nie? Dít is die dilemma waarvoor menige onderwysstudent vroeër vanjaar te staan gekom het toe die COVID-19-pandemie tot maande lange skoolsluitings gelei het. In ’n uiters ironiese kinkel was hierdie aspirantonderwysers skielik nie meer senuagtig en angstig omdat hulle voor ’n klas moes staan nie, maar omdat daar géén klas was om voor te staan nie.

’n Paar maande ná die uitbreking van die pandemie het skole stelselmatig begin heropen, en kon onderwysstudente uitgeplaas word. Maar die onderrig-en-leerkonteks wat hulle sou aantref, was kwalik waarvoor hulle universiteitslesings hulle voorberei het. Teorieë van onderrig en leer moes ’n nuwe vorm aanneem en die studente moes in hulle onderrigpraktyk met nuwe kwessies worstel. Samewerkende leer was byvoorbeeld moeilik om te reël te midde van sosiale distansiëring; die gewone klaskamerontwrigtings was beperk omdat almal maskers moes dra, en die algemene atmosfeer van angstigheid het leerders se leergeesdrif aansienlik gedemp. Twee onderwysstudente het die volgende hieroor te sê gehad:

“Om in die tyd van COVID-19 ’n proefonderwyser te wees was interessant. ’n Mens kan nie juis verwag om ’n lewensgetroue ervaring van die skoollewe te hê as die skoollewe geheel en al verander het nie.”

“Om in dié tyd ’n proefonderwyser te wees is om die definisie van aanpasbaarheid te beleef, en nie noodwendig om die ervaring te hê waarvan ons in teorielesings geleer het nie.”

Benewens die uitdagings van klaskameronderrig moes proefonderwysers ook met die werklikheid saamleef dat onderwysers gewoon nie tyd gehad het om hulle veel raad te gee nie. Een student het verslag gedoen dat daar weinig skoolvergaderings was en dat selfs personeelkamers leeg was weens die beperking op die getal mense wat op een slag in dieselfde ruimte mag wees. ’n Ander het opgemerk dat onderwysers druk besig was om die kurrikulum te voltooi en leerders van welstand- en geestesgesondheidsteun te voorsien.

Nogtans was die studente besonder dankbaar vir die bystand wat die onderwysers wél in hierdie moeilike omstandighede kon voorsien. Soos een dit stel: “Ek sal waarskynlik nie die meeste van die mense wat ek bevoorreg was om gedurende my tyd as proefonderwyser te ontmoet, herken as ek hulle weer moes raakloop nie. Nietemin is ek baie dankbaar dat hulle my ingeneem het, en besef ek dat hulle geen beheer oor die omstandighede gehad het nie.”

Onderwysdosente aan universiteite moes eweneens skielik nuut dink oor die steun wat hulle hierdie studente kon bied. In plaas daarvan om soos gewoonlik op die pad te wees, nuwe woonbuurte te besoek, in propvol klaskamers te sit en met onderwysers gesprek te voer, was dosente nou meestal alleen voor hulle rekenaarskerms. Hulle moes binne rekordtyd hersiene aktiwiteite ontwikkel wat aan die vereiste akademiese en professionele integriteitstandaarde van onderwysopleiding sou voldoen, ondanks die nuwe omstandighede. Diegene wat nog teëgestribbel het teen tegnologiegebruik is met weinig waarskuwing in die digitale wêreld ingedompel. Namate tradisionele kontakonderrig met videolesse vervang is, klasbesprekings met WhatsApp-groepe, en klasgebaseerde toetse met aanlyn vasvrae, moes hulle teen wil en dank die voordele van hierdie instrumente erken.

COVID-19 het die lewens van duisende individue en gemeenskappe verwoes. Te midde daarvan was daar egter ook onverwagte leerervarings vir menige onderwysstudent. Ofskoon hulle dalk nie soveel klaskameronderrig kon waarneem as wat hulle wou nie, het hulle te staan gekom voor belangrike onderwyskwessies wat hulle moontlik voorheen sou misgekyk het. Dít sluit in om die realiteit van die digitale kloof tussen skoolleerders te hanteer en die vervlegte impak van leerders se huislike en skoollewe op hulle akademiese prestasie te verstaan. Vir hulle opdragte in dié tyd moes proefonderwysers uit navorsing, teorie en professionele gesprekke put om hulle lesbeplanning met deurdagte motiverings te staaf. In plaas daarvan om in die oorweldigende eise van klaskamerbestuur verstrengel te raak, was daar dus dié keer tyd vir ’n oorwoë en nadenkende benadering tot leskonstruksie.

’n Verdere ontwikkeling is die snelle aanpassing van onderwysstudente by moontlike toekomstige onderwysscenario’s. Kommentators oor die Vierde Nywerheidsrevolusie waarsku al ’n geruime tyd dat onderwysaanbieding deur masjiene oorgeneem sal word en dat die menslike onderwyser gevolglik sal verdwyn. Tog het hierdie tydperk getoon dat dit die onderwyser ágter die masjiene is wat doeltreffende leerprosesse verseker, want dit is die onderwyser wat die deurslaggewende pedagogiese besluite moet neem oor wat om te onderrig, hoe om dit te onderrig, en waarom onderrig op sekere maniere moet plaasvind. Sodoende het onderwysstudente hulle plek in die onderwys van die toekoms ontdek. Een het dit só verwoord: “Selfs ervare onderwysers leer pas by die nuwe normaal en die veranderde onderwysstelsel aan. In hierdie veeleisende tyd leer ons egter ook waardevolle vaardighede aan, soos probleemoplossing, kommunikasie en innoverende denke – alles vaardighede van die 21ste eeu.”

Wêreldonderwysersdag op 5 Oktober herinner ons jaarliks daaraan dat opvoedingswerk die vaardighede van kreatiwiteit, veerkragtigheid en buigsaamheid vereis. Hierdie vaardighede het die onderwysberoep die afgelope tyd goed te pas gekom. Te midde van erge spanning en ontwrigting, het die COVID-19-tydperk ironies genoeg ook nuwe denke oor onderrig en onderwysopleiding teweeggebring. Wat dít in die toekoms sal oplewer, sal net die tyd leer.

***Maureen Robinson is ’n professor in die Departement Kurrikulumstudie aan die Universiteit Stellenbosch.**